# A.P.J. (ARRIE) VAN RENSBURG: DOSENT EN VERTELLER BY UITNEMENDHEID

**Fransjohan Pretorius**
*Dept. Geskiedenis en Kultuurgeskiedenis*
*Universiteit van Pretoria*
*0002 Pretoria*

Niemand het na 'n gesprek met Arrie van Rensburg beswaard weggestap nie. Met sy merkwaardige kommunikasievermoëns en wellewendheid het hy die gawe gehad om jou geïnspireerd en met optimisme te laat verder gaan. Daarbenewens was hy in staat om sy kennis van en insigte in die geskiedenis met helderheid oor te dra. Daarom was sy dood in 'n motorongeluk op 2 April vanjaar so 'n groot skok vir almal wat hom geken het.

Abraham Paul Janse van Rensburg is op 5 Oktober 1929 te Lindley in die Oranje-Vrystaat gebore. Twintig jaar later behaal hy die B.A.-graad aan die Universiteitskollege van die Oranje-Vrystaat, en volg dit in 1951 op met 'n M.A.-graad, met lof, getiteld "Die rol deur landdroste, vrederegters en veldkornette in die Distrik Bloemfontein, 1854-1880". Dit is in 1954 in die *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis* gepubliseer. In 1952 verwerf Van Rensburg die Unie-Onderwysdiploma. In 1953 en 1954 is hy verbonde aan die redaksie van *Die Volksblad*. Tussen 1955 en 1962 is hy onderwyser aan die Voortrekker Hoërskool in Bethlehem. Die laaste vier jaar daarvan oorvleuel met sy hoofeksaminatorskap vir Geskiedenis vir die O.V.S.-Skooleind.

In 1963 is Van Rensburg as lektor in Geskiedenis aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat aangestel. In die volgende jaar verwerf hy die D.Phil-graad in Geskiedenis met 'n proefskrif getiteld "Die ekonomiese herstel van die Afrikaner in die Oranjerivierkolonie, 1902-1907". Dit is in 1967 in die *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis* gepubliseer. Die bekende prof. Coolhaas van Nederland, wat van tyd tot tyd bestekopname van die Afrikaanse historiografie gemaak het en baie krities op hulle slaafse navolging van die Rankeaanse metode was, het groot lof vir Van Rensburg se proefskrif gehad wat 'n briljante stuk sosiaal-ekonomiese geskiedenis was.

Nadat hy in 1968 as senior lektor in Geskiedenis aan die Universiteit van Wes-Kaapland aangestel is, aanvaar hy op 1 April 1969 'n soortgelyke pos aan die Universiteit van Pretoria. In 1978 is hy tot medeprofessor bevorder. Op 31 Desember 1989 het hy die diens van die Universiteit van Pretoria verlaat om in die Distrik Lindley te gaan boer. In 1994 het hy Parlementslid vir die Nasionale Party geword en was dit ten tyde van sy tragiese dood. Hy laat sy vrou, Marée, en drie seuns agter.

Dit strek Arrie van Rensburg tot eer dat hy die noodsaaklikheid van vernuwing in die doseer van Afrika-geskiedenis besef het. Hy het hom hart en siel in hierdie rigting ingegrawe, soos talle boeke oor hierdie onderwerp in Afrikaans en Engels uit sy pen getuig. Studente het aan sy lippe gehang oor sy vertellings van sy reiservarings in Afrika in 'n tyd toe Suid-Afrikaners besonder onwelkom daar was. Menige oudstudent sal getuig dat hy waarskynlik die beste dosent was wat hulle ooit ervaar het.

Die S.A. Historiese Genootskap en die redaksie van *Historia* betuig hul innige meegevoel met mev. Van Rensburg en die seuns.